

Hoofstuk 1

Corban Solsek se hart sink tot in sy skoene en sy maag trek op 'n knop toe hy die B op sy sosiologievoorlegging sien. Die skok daarvan vloei rooi oor sy gesig en verdwyn dan weer wanneer die koue woede in hom opstoot. Hy het hard gewerk aan hierdie raamwerk vir sy termynprojek. Hy het sy inligting en bronne nagegaan, die metodes hersien waarvolgens hy van plan is om sy idees voor te lê en 'n program voorgestel. Hy moes 'n A gekry het! *Wat is aan die gang?* Hy maak die lêer oop en kyk na die perfek getikte bladsye op soek na verbeterings, kommentaar, enigiets wat 'n aanduiding kan gee van hoekom hy nie gekry het wat hy verdien nie.

Daar is nêrens 'n enkele rooi merkie nie. Geen aantekening nie. Niks nie.

Steeds woedend maak Corban sy notaboek oop, skryf die datum neer en probeer dan op die lesing fokus. Professor Webster kyk 'n hele paar keer reguit vir hom terwyl hy praat en sonder hom so uit tussen die ander honderd en twintig studente wat die lesingsaal vol sit. Elke keer kyk Corban vir 'n paar sekondes ook stip na hom voordat hy afkyk en 'n paar notas maak. Hy het ongelooflik baie respek vir professor Webster, wat dit nog moeiliker maak om dié punt te sluk.

Ek sal hom aanvat. Ek hoef dit nie sonder meer te aanvaar nie. Dit is nie net 'n góeie voorlegging nie. Dit is uitstékend. Hy is nie 'n gemiddelde student nie. Hy stort sy hart en siel in sy werk uit en hy is vasbeslote om seker te maak dat hy regver-

dig behandel word. Het sy pa dit nie by hom ingeprent nie?

“Jy moet opstaan vir jousef, Cory. Moenie toelaat dat enigiemand op jou trap nie. As iemand op jou trap, dan trap jy harder terug. Trap so hard dat jy seker maak hulle staan nooit weer op nie. Ek maak my seun nie groot om enigiemand se nonsens op te vreet nie.”

Sy pa het deur harde werk en vurige vasberadenheid sy weg oopgebaan tot in ’n topposisie van ’n vragmotorvervoermaatskappy. Hy het alles gedoen, van trokdrywer tot werktuigkundige tot verkope tot administrasie tot hoof uitvoerende amptenaar, en uiteindelik tot gedeeltelike eienaar van die maatskappy. Hy was trots op wat hy bereik het, maar terselfdertyd skaam oor sy gebrek aan formele opleiding. Hy het nooit verder gevorder as graad tien op hoërskool nie. Hy het die skool verlaat om sy ma en jonger boeties en sussies te help versorg nadat sy pa aan ’n massiewe hartaanval dood is.

Dieselfde soort hartaanval wat sy eie dood die jaar ná sy aftrede veroorsaak het. Hy het ’n ryk weduwee en twee seuns en ’n dogter met ’n gesonde trustfonds agtergelaat.

“Fokus op waarheen jy op pad is,” het sy pa altyd gesê. “Kry toelating tot ’n goeie universiteit. Die beste, indien moontlik. Byt vas. Moenie toelaat dat enigiets of enigiemand in jou pad staan nie. Verwerf ’n kwalifikasie aan ’n uitstekende universiteit en jy sal reeds halfpad teen die leer op wees nog voordat jy jou eerste werk gekry het.”

Daar is geen manier dat Corban hierdie punt gaan aanvaar nie. Hy het te hard gewerk. Dit is nie regverdig nie.

“Wou jy iets sê, meneer Solsek?” Professor Webster kyk stip na hom van waar hy op sy podium staan.

Corban hoor ’n paar studente saggies lag. Daar is die geritsel van papiere en stoele wat kraak toe ander ook omdraai en na hom kyk waar hy in die middel van die middelste ry sit.

“Professor?”

“Jou potlood, meneer Solsek,” sê die professor met geligte wenkbroue. “Ons is nie nou in ’n klas waar ons leer om slag-instrumente te speel nie.”

Corban bloos bloedrooi toe hy besef hy het met sy potlood gesit en tik terwyl hy homself in sy gedagtes opgewerk het. “Jammer.” Hy draai die potlood terug in die skryfposisie en kyk dan onderlangs na twee meisiestudente wat sit en gesels. Hoe het daardie dofkoppe in elk geval toelating tot Berkeley gekry?

“Kan ek aanvaar dat ons gereed is om aan te gaan, meneer Solsek?” Professor Webster kyk met ’n effense glimlag na hom.

Sy verleentheid verander in woede. *Die vent geniet dit.* Corban het nou twee redes om verontwaardig te voel: die onregverdige punt en openbare vernedering. “Ja, Professor, sodra u gereed is.” Hy dwing homself om droog te glimlag en kalm voor te kom.

Teen die einde van die lesing pyn die spier in Corban se kakebeen van die spanning. Dit voel of daar ’n olifant op sy bors sit. Hy pak stadig sy notaboek in die rugsak wat reeds vol ander boeke en twee klein ringbinders is.

Die ander studente verlaat gelukkig die lesingsaal vinnig. Net twee of drie gaan staan om met professor Webster te praat waar hy nou besig is om die bord skoon te vee.

Corban hou die lêer met sy voorlegging in sy linkerhand toe hy met die trappe af na die podium toe stap.

Professor Webster pak sy notas opmekaar en sit dit dan in ’n lêer. “Wil jy iets vra, meneer Solsek?” sê hy terwyl hy die lêer in sy aktetas sit en dit toemaak. Hy kyk met sy donker, geheimsinnige oë na Corban.

“Ja, Professor.” Hy hou die voorlegging uit. “Ek het baie hard hieraan gewerk.”

“Ek kon dit sien.”

“Daar is nie een enkele korreksie nie.”

“Dit was nie nodig nie. Wat jy daar vashou, is baie goed aangebied.”

“Hoekom dan ’n B en nie ’n A nie?”

Professor Webster laat rus sy hand op sy aktetas. “In daardie voorlegging het jy die bestanddele vir ’n uitstekende termynprojek, meneer Solsek, maar een baie belangrike bestanddeel ontbreek.”

Hoe kan dit wees? Hy en Ruth het albei die voorlegging deurgegaan voordat hy dit ingegee het. Hy het alles gedek. “Professor?”

“Die menslike element.”

“Ekskuus?”

“Die menslike element, meneer Solsek.”

“Ek het gehoor, Professor. Ek verstaan net nie wat Prof bedoel nie. Die hele voorlegging fokus op die menslike element.”

“Regtig?”

Corban onderdruk die woede wat weer opstoot oor Webster se spottende stemtoon. Hy dwing homself om kalm te bly. “Wat moet ek na Prof se mening doen om dit duideliker te maak?” Hy wil ’n A vir hierdie vak hê; hy weier om minder te aanvaar. Sosiologie is sy hoofvak. Hy vaar nog altyd uitstekend daarmee en is nie van plan om nou sy perfekte rekord te verlaag nie.

“’n Gevallestudie sal help.”

Corban se gesig word rooi van woede. Dit is duidelik dat die professor sy voorlegging nie deeglik genoeg gelees het nie. “Ek hét gevallestudies ingesluit. Hier. Op bladsy vyf. En nog hier. Bladsy agt.” Hy het alles in sy voorstel met gevallestudies gestaaf. Waarvan praat professor Webster dan?

“Soos uit verskillende volumes aangehaal. Ja, ek weet. Ek het jou dokumentasie gelees, meneer Solsek. Wat ontbreek, is enige persónlike kontak met dié wat die meeste deur jou voorgestelde programme geraak sal word.”

“Bedoel Prof ek moet mense op die straat voorkeer en ondervera?” Hy kan nie die verontwaardiging uit sy stem hou nie. Hoe lank sal dit vat om ’n behoorlike vraelys te ontwikkel? Hoeveel honderde mense sal hy moet kry om dit te beantwoord? Is dit nie die tipe werk wat vir ’n tesis vereis word nie? Hy is nie nagraads nie. Nog nie.

“Nee, meneer Solsek. Ek sal graag wil sien dat jy jou eie gevallestudie skryf. Net een sal voldoende wees.”

“Net een, Prof? Maar dit – ”

“Een, meneer Solsek. Jy sal nie tyd hê vir meer nie. Voeg die menslike element by en jy sal die A kry wat jy begeer. Ek is seker daarvan.”

Corban weet nog nie presies wat die professor in gedagte het nie, maar hy kan ’n onderliggende ontevredenheid aanvoel. Is dit dalk die feit dat hulle botsende persoonlikhede het? Gee sy idees dalk aanstoot? Hoe kan dit wees? Indien die programme wat hy voorstel ooit geïmplementeer word, sal dit talle huidige probleme in die regeringsisteme oplos.

“Is daar enigiemand in jou familie wat dalk in die leefstylscenario pas wat jy geskets het, meneer Solsek?”

“Nee, Prof.” Sy hele familie bly in Connecticut en in die noorde van die staat New York, te ver om die hoeveelheid onderhoude te voer wat hy sal nodig hê om die opdrag te voltooi. Boonop het sy familie geld. Sy pa het die ketting van ’n doodgewone middelklasbestaan gebreek. Corban se verhandeling fokus op dié wat ekonomiese uitdagings beleef. Niemand in sy familie is afhanklik van staatspensioen vir oorlewing nie. Hy dink aan sy ma wat ’n deel van die jaar in Switserland bly saam met haar nuwe man wat ’n beleggingsmakelaar is.

“Wel, dit veroorsaak nogal ’n probleem, of hoe, meneer Solsek?” Professor Webster lig sy aktetas van die tafel af op. “Ek is egter seker jy sal ’n plan maak.”

“Hou op kla, Cory,” sê Ruth daardie middag in hulle gedeelde woonstel ’n paar blokke van Universitylaan af. “Dit is eenvoudig. As jy ’n A wil hê, moet jy doen wat professor Webster wil hê jy moet doen. Dit is nie of hy iets aakligs van jou verwag nie.” Sy trek haar vingers deur haar reguit, kort swart hare en maak ’n kombuiskas se deur oop. “Is ons koffiefilters al wéér klaar?”

“Nee, daar is baie. Kyk in die kas links van die wasbak.”

“Ek het dit nie daar gebêre nie,” sê sy en maak die kas toe waarin sy gesoek het.

“Ek het. Dit maak meer sin. Die koffiepote staan by die kragprop. Ek het die bekere ook geskuif. Dit is op die rak bo die koffie en filters.”

Ruth sug. “As ek geweet het hoe moeilik jy kan wees, sou ek twee keer gedink het voor ek hier by jou kom bly het.” Sy haal die blik koffie en pakkie filters uit die kas uit.

“Een gevallestudie.” Corban tik met sy potlood op die tafel. “Dit is al wat ek nodig het.”

“’n Vrou.”

Hy frons. “Hoekom ’n vrou?”

“Want vroue is meer bereidwillig om te praat, dis hoekom.” Sy trek vir hom gesig. “Moet nooit vir my aktivistevriendinne vertel dat ek dit gesê het nie.”

“Nou goed, ’n vrou. Watter vrou?”

“Iemand met wie jy ’n goeie verstandhouding kan vorm,” sê Ruth en gooi ’n vyfde opgehoopde lepel Franse koffie in die mandjie.

“Ek hoef nie so persoonlik te raak nie.”

“Natuurlik moet jy. Hoe dink jy gaan jy antwoorde kry op daardie tipe vrae indien jy nie vriende maak met jou onderwerp nie?”

“Ek het nie tyd om eers ’n vriendskap te laat ontwikkel nie, Ruth.”

“Dit hoef nie ’n léwenslange vriendskap te wees nie. Net lank genoeg om jou verhandeling klaar te maak.”

“Ek het ’n paar maande. Dis al. Al wat ek nodig het, is iemand wat aan my kriteria voldoen en wat bereid is om saam te werk.”

“O, ek is seker dít sal professor Webster beïndruk.”

“Nou wat stel jy dan voor?”

“Dis eenvoudig. Bied vergoeding aan.”

“Bedoel jy geld?”

“Nee, nie geld nie. Moenie so dig wees nie, Cory.”

Dit irriteer hom wanneer sy so neerbuigend met hom praat. Hy tik weer met sy potlood op die tafel, maar sê niks verder nie. Sy kyk na hom en frons effens. “Moenie so omgekrap lyk nie, Cory. Al wat jy moet doen, is om dienste aan te bied in ruil vir inligting.”

Hy lag kliphard. “Natuurlik. Watter soort dienste kan ek aanbied?”

Sy rol haar oë. “Ek haat dit wanneer jy in een van hierdie buie is. Jy kan nie so ’n perfeksionis wees in hierdie wêreld nie. Goeie genugtig. Gebruik net jou verbeelding. Jy het mos een, of hoe?”

Sy klink vies. Hy sit agteroor op sy stoel, stoot die voorlegging weg van hom oor die tafel en wens hy het ’n ander koers ingeslaan met hierdie projek. Die vooruitsig dat hy met mense sal moet praat, maak hom senuweeagtig, alhoewel hy nie van plan is om dit teenoor Ruth te erken nie. Sy is besig om tegelyk in bemarking en telekommunikasie te spesialiseer. Sy kan enige tyd met enigiemand oor enigiets gesels. Dit help natuurlik ook om ’n fotografiese geheue te hê.

“Hou nou op broei.” Ruth skud haar kop toe sy vir haarself ’n beker swart koffie ingooi. “Gaan net supermark toe en help ’n ou tannie om haar kruideniersware huis toe te dra.”

“Met my geluk sal sy dink ek is ’n dief wat eintlik my oog

op haar handsak het." Hy tel sy potlood op en begin weer daarmee op die tafel tik. "Dit sal beter wees as ek dit deur 'n gemeenskapsorganisasie doen."

"Nou toe nou. Daar dink jy self aan 'n oplossing." Sy buk af en soen hom op die mond. Dan vat sy die potlood en druk dit agter haar oor in toe sy opstaan. "Ek het geweet jy sal 'n plan maak."

"Wat van aandete?" vra hy toe sy van hom af wegbeweeg. "Dis jou aand om te kook."

"Ag, Cory. Ek kán nie. Ek is jammer, maar jy weet hoe lank dit my vat om 'n ete aanmekaar te slaan. As ek dit doen, moet ek dit reg doen en ek het tweehonderd bladsye wat ek moet lees en studiemateriaal wat ek moet hersien voor ek môre toets skryf."

Nie minder as wat hy die meeste aande moet doen nie.

Sy gaan staan in die deur. Waar sy teen die kosyn leun, glimlag sy bekoorlik vir hom, haar donker hare 'n raam rondom haar perfekte, ovaal gesig. Sy het sulke pragtige oë en die tipe glimlag wat altyd op tandepasta-advertensies pryk. Haar vel is vlekkeloos, soos dié van 'n Engelse dame. Om nie eens van die res van haar lyf te praat nie. Ruth Coldwell kom in 'n baie aangename pakkie, en onder dit alles is sy boonop slim ook. En baie ambisieus.

Net een afspraak was nodig vir Corban om te weet sy sal goed by hom pas. Hy was selfs meer oortuig daarvan ná 'n tweede afspraak en 'n passievolle nag in sy woonstel. Sy laat sy kop draai en sy hormone gaan heeltemal op hol. 'n Maand ná hulle eerste afspraak het hy gesukkel om op sy werk te konsentreer en gewonder wat hy daaromtrent gaan doen. Toe het die voorsienigheid vir hom geglimlag. Eenkeer terwyl hulle saam gaan koffie drink het, het Ruth haar finansiële probleme met hom bespreek. Sy het in trane vir hom gesê sy weet nie waar sy genoeg geld gaan kry om die semester klaar

te maak nie. Hy het voorgestel dat sy by hom moet intrek.

“Regtig?” Haar pragtige bruin oë was blink van die trane. “Is jy ernstig?” Sy het hom laat voel soos ’n ridder op sy wit perd wat ’n dame in die nood kom red. Geld is vir hom nie ’n probleem nie.

“Natuurlik.”

“Ek weet darem nie ... ”

“Hoekom nie?” Wanneer hy iets besluit, is dit gewoonlik net ’n kwessie van die beste manier vind om sy doel te bereik.

“Ons ken mekaar nog nie so lank nie,” het sy bekommerd gesê.

“Wat weet jy nie van my nie wat jy nodig het om te weet?”

“Ag, Cory. Dit voel of ek jou al my lewe lank ken, maar dit is ’n groot stap.”

“Ek kan nie sien dat dit dinge baie sal verander nie. Ons bring reeds elke vry minuut saam deur. Ons slaap saam. Dit sal tyd spaar as ons saam bly ook.”

“Dit maak dinge net te ernstig. Soos om te trou. En ek is glad nie gereed daarvoor nie. Ek wil nie eens in hierdie stadium van my lewe aan trou dink nie. Daar is te veel dinge wat ek nog wil doen.”

Die woord “trou” het ’n rilling langs sy ruggraat afgestuur. Hy is ook nog nie gereed vir dié tipe verbintenis nie. “Geen voorwaardes nie,” het hy gesê én dit bedoel. “Ons kan al die take en uitgawes gelykop verdeel. Wat dink jy daarvan?” Hy voel sleg toe hy onthou dat hy dit gesê het. Aan die ander kant het hy baie dinge gesê om haar te oortuig. “Dit sal ons al twee se uitgawes sny.” Alhoewel geld nie vir hom ’n probleem is nie, wou hy nie haar gevoelens seermaak nie.

Sy het die volgende middag ingetrek.

Hulle bly nou al vir ses maande saam en soms wonder hy ...

Ruth kom terug die kombuis in en buk af om hom weer

te soen. “Jy het al weer daardie uitdrukking op jou gesig. Ek weet dit is my beurt om kos te maak. Ek kan nie help hoe dinge soms uitwerk nie, Cory. Studies kom eerste. Is dit nie ons ooreenkoms nie?” Sy streef liggies met haar vingers deur die hare aan die agterkant van sy nek. Haar aanraking maak steeds sy bloed warm. “Hoekom bestel jy nie Chinese kos nie?”

Die laaste keer toe sy kos bestel het, het dit hóm geld uit die sak gejaag. Dit is nie die geld wat hom pla nie. Dit is die beginsel. “Ek dink ek sal sommer uitgaan en pizza eet.”

Sy staan op en trek haar gesig. “Nes jy wil,” sê sy en trek haar skouers op.

Hy weet sy hou nie van pizza nie. Elke keer wanneer hy dit bestel, eet sy dit teësinnig en druk ’n servet oor haar sny om die vet uit te trek. “Ek het my potlood nodig,” sê hy toe sy weer deur toe stap.

“Wat ’n klakous.” Sy haal die potlood agter haar oor uit en gooi dit op die tafel neer.

Waar hy alleen by die kombuistafel sit, wonder hy hoe dit moontlik is om so baie van iemand te hou, maar steeds te voel dat dinge nie heeltemal reg is nie.

Iets skort.

Hy trek sy hand deur sy hare en staan op. Hy het nie nou tyd om oor sy verhouding met Ruth na te dink nie. Hy moet besluit wat hy omtrent sy verhandeling gaan doen. Hy tel die telefoonboek op, gooi dit op die tafel neer en maak dit by die geelbladsye oop. Daar is ’n lang lys van liefdadigheidsorganisasies wat dienste aan bejaardes bied. Vir die res van die middag bel hy hulle en vra vrae totdat hy een kry wat dalk aan sy behoeftes sal voldoen.

“Dit is wonderlik dat jy daarin belangstel om vrywillige werk te doen, meneer Solsek,” sê die vrou aan die ander kant van die lyn. “Daar is baie min studente in ons geleedere. Jy sal natuurlik eers hierheen moet kom vir ’n persoonlike on-

derhoud en ons het ook 'n paar vorms wat jy moet invul. Jy sal ook 'n oriënteringskursus moet bywoon wat oor 'n naweek aangebied word. Het jy 'n CPR-sertifikaat?"

"Nee, Mevrouw," sê hy en probeer sy irritasie wegsteek. Persoonlike onderhoud? Vorms? Oriënteringskursus? Net sodat hy kan aanbied om die een of ander ou tannie bank of kruidenierswinkel toe te vat?

Corban skryf die toepaslike inligting neer en sug dan diep. *Ek hoop jy kry maagpyn, professor Webster, omdat jy my hierin laat beland het!*

"Jy sal dit nie doen nie, Anne-Lynn! Wat op aarde laat jou ooit iets só belaglik oorweeg?" Nora se hele lyf bewe. Net toe sy dink dat alles perfek is, kom steek haar dogter 'n stok in die wiel. Wel, sy gaan dit nie toelaat nie. Alles sal voortgaan soos beplan.

"Ek het Ma probeer vertel hoe belangrik – "

"Ek gaan nie luister nie, Annie." Nora staan van die tafel af op en vat haar koppie en piering saam. Dit ratel en wys só dat sy haar emosies nie heeltemal onder beheer het nie. Sy dwing haar hande stil en vat dan die borde na die geteëlde toonbank by die wasbak waar sy dit versigtig neersit. "Jy kan maar net vir Susan bel en sê dat jy tot jou sinne gekom het."

"Ma, asseblief. Ek het deeglik oor alles gedink – "

"Ek het néé gesê!" Nora weier om na haar dogter te kyk. Sy wil nie sien hoe bleek sy is nie, hoe haar blou oë kan smeek nie. Emosionele manipulerings, dis wat dit alles is. Sy sal nie daarvoor val nie. Sy probeer haar kalmte herwin terwyl sy die koppie en piering afspoel, die skottelgoedwasser oopmaak en dit versigtig op die rakkie sit. "Jy gaan Wellesley toe. Dis klaar besluit."

"Ma het dit besluit, nie ek nie."

Nora slaan die skottelgoedwasser se deur in die stil oomblik toe en gluur haar dogter aan. "Iemand moet logies dink. Tot jou pa stem hiermee saam. Het hy nie vir jou gesê 'n graad wat aan 'n vername universiteit soos Wellesley verwerf is, sal vir jou deure oopmaak nie?"

"Hy het gesê Cal sal dieselfde vir my beteken."

"O, Cál. Net omdat hy daar was."

"Pa sê hy wil hê ek moet doen wat my gelukkig sal maak."

Nora se hart klop wild van woede. Hoe durf hy al haar werk ongedaan maak? Kan hy nie net vir een keer aan iemand anders as homself dink nie? Die enigste rede waarom hy wil hê Annie moet Cal toe gaan, is om haar aan die Weskus te hou. "So hy wil die beste vir jou hê en ek nie? Is dit wat hy impliseer? Wel, hy is verkeerd. Liefde beteken dat jy dié beste wil hê vir iemand."

"Dit is die beste, Ma. Ek sal 'n werk hê. Ek sal dit op my eie kan maak."

"As 'n kelnerin. Wat minimumloon kry. Jy is so naïef."

"Ek weet my lewe sal nie so gemaklik wees soos hier by Ma en Fred nie, maar ek sal 'n plekkie van my eie hê –"

"Wat jy met 'n hippie deel –"

"... en kos en –"

"Dink jy ek het jou na die beste privaatskole gestuur sodat jy 'n kelnerin kan word? Het jy enige idee hoeveel dit gekos het om jou op te voed? Musiekklesse, danslesse, gimnastiek, houdingleer, modelklasse, skoolkampe. Ek het duisende dollars spandeer, om nie eens te praat van die duisende ure van my tyd wat ek opgeoffer het om jou met die beste van alles groot te maak sodat jy geleenthede kan kry wat ek nóóit gehad het nie. Ek het baie opgeoffer vir jou en jou broer."

"Ma, dis nie regverdig nie –"

"Jy is reg. Dit is nie regverdig teenoor my nie. Jy sal nie San Francisco toe gaan en soos 'n hippie in daardie klein woon-

stelletjie van Susan gaan bly nie. Jy gaan nie jou geleentheid om Wellesley toe te gaan, weggooi net sodat jy kunsklasse kan loop nie. Dink jy nie as jy regtig talent gehad het, sou ek jou Parys toe gestuur het om daar te studeer nie?"

Sy sien die seerkry oor Annie se gesig flits. Goed so. Dis beter om eerlik te wees en tot haar deur te dring. Beter om haar nou 'n klein bietjie seer te maak as om toe te kyk hoe haar dogter al haar kanse op 'n oorvloedige toekoms weggooi. Sy kan haar simpel klasse as byvakke neem.

"Ma, luister asseblief na my. Ek het lank hieroor gebid en –"

"Anne-Lynn, moet dit nie waag om weer met my oor God te praat nie! Hoor jy my? Die ergste ding wat ek ooit gedoen het, was om jou na daardie kerkkamp toe te stuur. Jy is van toe af nie meer dieselfde nie."

Trane blink in haar dogter se oë, maar Nora weier om in te gee. Sy kan dit nie doen indien sy haar dogter verby hierdie kruispad wil kry nie. Anne moet die regte pad kies. Nora weet as sy net vir een oomblik toegee, sal elke droom en hoop wat sy ooit vir Anne gehad het daarmee heen wees.

"Ek is baie lief vir jou, Anne-Lynn," sê sy en probeer haar stem strelend hou. "As dit nie so was nie, sou ek jou gelos het om te doen wat jy wil. Glo my. Ek weet wat reg is vir jou. Jy sal my eendag hiervoor bedank. Gaan nou na jou kamer toe en dink weer mooi hieroor." Toe sy sien dat Anne haar mond oopmaak om te praat, lig sy een hand op. "Ons het klaar gepraat vir nou. Jy het my reeds seer genoeg gemaak. Doen nou asseblief wat ek van jou vra."

Anne staan stadig op en bly koponderstebo by die tafel staan. Nora kyk na haar en wonder of sy verder sal moet baklei om seker te maak dat Anne nie haar lewe weggooi nie. Sy is so 'n mooi meisie, lank genoeg om 'n model te wees, perfekte hande vir klavier speel, haar punte goed genoeg om

na enige universiteit in die land te gaan, maar geen gesonde verstand nie. Nora se oë blink van die ongestorte trane wat sy nie eens probeer wegsteek nie. Dit is wreed ironies. Is Anne nou van plan om al haar drome weg te vat?

“Ma, dit is tyd dat ek my eie besluite begin neem.”

Nora byt op haar tande en voel aan hoe die kloof tussen hulle groter word. “Aangesien jy deesdae so baie van die Bybel hou, moet jy dalk die deel gaan lees wat sê jy moet jou pa en ma eer. Aangesien jou pa afwesig is, moet jy my eer. Gaan nou na jou kamer toe voor ek regtig my humeur verloor.”

Anne loop stil weg.

Nora bewe weer en stut haarself teen die kombuistoonbank. Hy hart klop wild. Sy het nooit gedink Anne sal die planne teenstaan wat vir haar gemaak is nie. Dalk moes sy nie so ingenome gewees het toe Anne vroeg klaargemaak het met hoërskool nie. Dit het vir Anne te veel tyd gegee om aan ander dinge te dink om te doen.

Nora ontspaan effens en dan sug sy. Sy was so trots op Anne en het al haar vriendinne vertel hoe sy vroeg met 'n 4,0 GPA gegradueer het; dit was eintlik hoër as 'n mens die paar kollegekursusse insluit wat sy voltooi het. Maar hoe kan iemand 'n beter-as-volmaakte gemiddeld hê?

Sy moes Anne betrokke gemaak het by iets om haar gedagtes besig te hou. Dan sou Anne nie tyd gehad het om by Susan in haar woonstel te gaan kuier en besluit het dat 'n onafhanklike, armoedige bestaan wonderlik en opwindend sou wees nie.

“Ek gaan by Susan bly ...”

Susan Carter! Daardie meisiekind se lewe sal nooit op enig iets bogemiddelds uitloop nie. Die Carters is nou wel nie onaangenaam nie, maar hulle het geen klas nie. Tom is maar 'n gewonde arbeider en Maryann word min as 'n verpleegster betaal. Hoe hulle dit regkry om ses kinders te voed en te klee,

is ver bo Nora se begrip. Dit is jammer dat Tom Carter nie meer ambisie gehad het sodat Maryann by die huis kon bly en haar kinders opgevoed het nie. Hulle seun Sam sit in die tronk en Susan is moeilikheid wat wag om te gebeur.

Nora gaan by die eetkamer in en haal 'n wynglas met 'n kristalsteel uit die kabinet. Sy gaan terug kombuis toe, maak die yskas oop en haal 'n bottel yskoue wit Chablis uit. Sy het iets nodig om haar senuwees te kalmeer. Sy maak haar glas vol, sit die kurk terug in die bottel en bêre dit voordat sy na die sonkamer stap. Sy gaan sit op die wit rottangsofa met die dik geblomde kussings en strek haar slanke bene voor haar uit.

Die ou verontwaardiging borrel na die oppervlak. Nora sou enigiets wou gee om die geleenthede te kon hê wat sy nou vir Annie gee. Waardeer haar dogter enigiets daarvan? Nee. Soos 'n bedorwe brokkie wil Anne-Lynn net haar eie kop volg. Sy wil haar eie keuses maak. Sy het nog nie gesê: "Dis my lewe en ek wil dit leef" nie, maar dit alles kom op dieselfde ding neer.

"Ek sal dit nie toelaat nie. Sy gaan nie haar lewe ruïneer nie."

Sy trek haar asem deur haar neus in en blaas dit dan stadig uit om haarself te kalmeer. Dan vat sy 'n slukkie van haar wyn. Sy moet aan Annie dink en aan wat sy gaan doen indien hierdie dromery van haar aanhou. Die res van die lente en die hele somer lê nog voor. Anne-Lynn het te veel tyd op hande. Dit is die probleem. Wel, dit is iets waarvoor sy maklik 'n oplossing kan kry. Nora sal seker maak Anne raak betrokke by iets. Dit sal goed lyk op haar rekords as sy ekstra klasse gee vir laerskoolkinders en dan ook by die somerskool help.

Haar kop is seer. Sy kan 'n migraine voel aankom. As Anne weer afkom ondertoe, sal sy haar aansê om 'n koue kompres te maak. Dalk sal sy dan duidelik verstaan hoeveel hierdie spanning haar ma beïnvloed.

Ag, hoekom moet Anne-Lynn nou opstandig raak? Net omdat sy verlede week agtien geword het, beteken dit nie sy is gereed om haar eie lewe te bestuur nie. Dit is Susan wat alerhande idees in haar kop geplant het. Of Anne se pa. Nora is sommer lus en bel hom en vertel hom presies wat sy van hierdie inmenging dink. Cal! Middelklasmense gaan Cal toe. As hy nou Stanford voorgestel het ...

Die afgelope vier jaar was so wonderlik. Anne het rustiger geraak ná die onstuimige, emosioneel gelaaide preadolessentjare toe Nora dikwels gewonder het of haar dogter nie dalk sal wegloop en op straat sal gaan bly nie. Anne het uitgeblink in alles, net een keer gesmeek om op te hou met ballet- en musiekklassie. Wanneer daar egter vir haar nee gesê is, het sy ingeval by die program wat vir haar uitgelê is. Sy het studeer en hard gewerk op skool, was gewild onder die ander kinders en het meer as haar deel oproepe van manlike bewonderaars gekry. Nora het haar egter net toegelaat om saam met 'n paar uit te gaan. Sy wil immers nie hê Anne moet met 'n Jan Alleman van die distrik trou nie.

Wellesley. Dit is waar Anne-Lynn kwaliteit-mense sal ontmoet, waar sy met studente van vooraanstaande skole sal meng – en met die regte soort mens sal trou.

Hoekom wil Anne-Lynn dit alles nou weggooi?

“Ek het gebid ...”

Dié woorde irriteer haar al hoe meer elke keer wanneer Nora dit hoor. Sy sluk die res van haar wyn af en staan op om vir haar nog 'n glas in te gooi.

Aan die begin het Nora haar nie juis aan Anne se “bekerling” gesteur nie. Die waarheid is dat die woord haar bitter laat voel. Dit was soos 'n klap in die gesig, 'n belediging. Wat dink die kind is Nora dan? 'n Heiden? Het sy nie gesorg dat hulle as gesin gereeld kerk toe gaan nie? Anne se biologiese pa was eens op 'n tyd 'n diaken, en alhoewel Fred nie tyd het

daarvoor nie, gee hy met 'n oop hand vir die kerk. Nora frons omgekrap noudat sy weer daaraan dink. Sy het tallose kere op vrouekomitees gedien en sakke vol blikkieskos gemaak wanneer daar kos ingesamel is.

En toe, skielik, ná net een kamp kom Anne-Lynn by die huis en sê: "Ek het 'n Christen geword, Ma. Ek het Jesus Christus by die kamp as my Verlosser en Here aangeneem. Pastoor Rick het my gedoop. Ek is so gelukkig en ek wil hê Ma moet ook gelukkig wees."

Sy het 'n Christen gewórd? Wat dink sy was sy dan nog altyd? 'n Heiden?

Nora het dit laat gaan. Alhoewel sy dit as 'n simpel verklaring beskou het, het sy wel opgemerk dat 'n paar welkome veranderinge in haar dogter se gesindheid en gedrag plaasgevind het. Indien Anne dit aan Jesus wou toeskryf, was dit in orde met haar. Al wat vir Nora belangrik was, was dat die opstandigheid en hardkoppigheid opgehou het. Anne het geluister en gedoen wat vir haar gesê is. Sy het selfs dankie gesê, haar kamer netjies en skoon gehou en aangebied om in die huis te help. Inderdaad 'n wonderlike verandering ná 'n hele paar uitbarstings veroorsaak deur preadolesente buierigheid. Indien Anne van die kamp af teruggekom het as 'n jong vrou wat bereid is om te doen wat vir haar gesê word, wel, dan kon sy God dank daarvoor.

Nora het net af en toe 'n blik in haar dogter se oë gesien wat aangedui het dat sy die een of ander innerlike stryd voer.

Alles was so wonderlik die afgelope paar jaar. Anne het die dogter geword wat Nora altyd gedroom het sy kan wees. Al Nora se vriende was jaloers op haar talentvolle, pragtige dogter, veral wanneer hulle eie dogters teruggepraat, met dwelms geëksperimenteer, saam met seuns uitgesluit, wegeloop of swanger geraak en vir 'n aborsie gegaan het.

Anne is perfek.

Anne is haar trots en vreugde.

En sy gaan haar nié toelaat om enige dwase keuses te maak nie.

Bo in haar sonnige kamer sit Annie kruisbeen op haar hemelbed onder die kanterige, gehekelde oordekking. Sy druk 'n pienk satynkussing teen haar bors vas en probeer teen die trane stry wat oor haar wange loop. Hoekom moet haar ma haar altyd so skuldig laat voel? Ongeag hoe hard sy probeer, ongeag hoe goed sy presteer, dit is nooit genoeg nie. Een fout, een gedagte wat nie in ooreenstemming is met wat haar ma wil hê nie en Annie weet sy sal weer moet hoor hoe ondankbaar, opstandig, hardkoppig en onnosel sy is. Wanneer woorde nie sterk genoeg is om beheer te behou nie, kry sy altyd migraine om wraak te neem. Haar ma is waarskynlik nou daar onder besig om haarself met 'n glas wit wyn en 'n koue kompres te troos terwyl sy op die sofa in die sonkamer lê.

En dis my skuld, dink Annie wanhopig. Elke keer wanneer ek probeer wegbreek, dan gebeur dit. Wanneer sal dit ooit ophou?

Ag, Here, U weet hoe hard ek probeer om elke gedagte gevange te neem en op U te fokus. My ma weet hoe om elke knoppie te druk. Hoekom is sy so? Jesus, U weet ek het al my bes gedoen om my ma te probeer verstaan, haar probeer tevrede stel, maar niks is ooit genoeg nie. Erger nog is dat niks meer sin maak nie. Haar ma kla oor hoeveel geld en tyd sy aan Annie moes afstaan, maar sy wil haar nie toelaat om 'n werk te kry en op haar eie te bly nie. Sy is die een wat daarop aandring dat ek Wellesley toe moet gaan. U weet hoeveel dit kos, Here. Ek kan nie gaan terwyl ek aanvoel dat U my eerder lei om kuns te studeer nie, maar my ma wil nie eens luister nie. Here, sy sê sy hou van Susan, maar nou noem sy haar 'n hippie en sê sy is nie goed genoeg om my woonstelmaat te wees nie. Hoe kan haar ma die een oomblik sê sy is trots op Anne

se akademiese prestasies en die volgende oomblik vertel sy vir haar sy is onnosel en nie bevoeg om besluite oor haar eie lewe te neem nie?

“Aangesien jy deesdae so baie van die Bybel hou, moet jy dalk die deel gaan lees wat sê jy moet jou pa en ma eer.”

Beteken om eerbied te hê dat jy alles moet doen wat vir jou gesê word sonder om dit te bevraagteken? Beteken dit vinnige oorgawe? Beteken dit om jouself prys te gee sodat jy iemand anders se drome kan uitleef? Ongeag wat daardie drome is?

Annie weet as sy Wellesley toe gaan soos haar ma wil hê, sal die planne vir haar toekoms nie daar eindig nie. Haar ma sal bel en vra met wie sy uitgaan, of die jong man “potensiaal” het. Dit beteken natuurlik hoë toetsuitslae, uitstekende punte en ’n studierigting wat ’n finansiële gesonde toekoms sal verseker. Regte. Medies. Besigheid. Haar ma sal wil weet of die jong man uit ’n “goeie huis” kom. ’n Afstammeling van iemand wat ’n passasier was op die Mayflower. Iemand met ’n goeie stamboom. Iemand wie se suksesvolle ouers baie óú geld het en hoog aangesien word in hulle gemeenskap.

Sy skud haar kop. Haar ma kan onbevooroordeeld wees. Sy sal nie omgee as haar dogter met ’n afstammeling van immigrante uitgaan solank die familie gerespekteerd en bekend is nie.

Dalk ’n Kennedy?

Sy voel skuldig. Sy is nou irrasioneel. Haar ma is nie só sleg nie.

Word ek nou soos sy, Here? Wanneer ek my van haar losmaak, gaan ek dieselfde aan my kinders doen as wat sy aan my doen? Of gaan ek alle rede verloor en eendag vir hulle sê: “Ek het geen vryheid gehad nie; dus kan julle doen net wat julle wil”? Ag, Vader, vergeewe my, maar dit voel of ek haar begin haat.

Die laaste ding wat Anne wil hê, is dat woede en bitterheid van haar besit moet neem, maar dit is so frustrerend! Haar ma

wil nie eers na haar luister nie, en dit raak net al hoe erger. *Ek het gedink ek sal grootword en wegtrek, op my eie wees, maar dit is of sy haar kloue diep in my ingesink het. Hoe harder ek stoei, hoe dieper maak sy my seer.*

"God, help my ... asseblief."

Eer. Wat beteken dit?

Dalk, as sy Wellesley toe gaan ...

Nee, dit sal net die onvermydelike uitstel. Selfs al gaan sy Wellesley toe, sal sy steeds moet hoor hoeveel haar ma vir haar toekoms opgeoffer het. As sy nie Wellesley toe gaan nie, sal sy nooit die einde hoor van hoe ondankbaar sy was oor die geleentheid wat sy weggegooi het nie.

Here, ek is in 'n situasie waar ek nie kan wen nie. Wat moet ek doen?

Dit maak nie saak waarheen sy draai nie, dit bly vir Annie voel of sy vasgekeer is. Soos 'n kalf wat van die trop af probeer weghardloop net sodat die aanjaer haar agternasit en met 'n vangriem aankeer. Die vuur brand en die yster is rooi-warm, maar dit is nie God se Naam wat haar ma op haar wil brandmerk nie. "Eiendom van Nora Gaines" is wat sy daar wil hê. Sal dit ooit genoeg wees?

Niks wat sy doen, is reg tensy sy dit op haar ma se manier doen nie. *"Kom terug in die kraal, Annie. Ek weet wat jy veronderstel is om te wees, en ek gaan seker maak ek kry jou daar."* Maar weet sy regtig? Wat wil haar ma regtig hê?

Ek weet nie wat om te doen nie, Here. Ek voel hoe U my in een rigting trek en my ma trek my weer in 'n ander. Hoe maak ek myself los van haar om u wil te doen sonder om haar seer te maak? Hoekom kan sy my nie net laat gaan nie?

Annie wil haar ma liefhê soos 'n dogter vir haar ma lief moet wees, maar dit word al hoe moeiliker. Sy kan skaars saam met haar in dieselfde vertrek wees. As sy nie boontoe gekom het nie, sou sy ontplof het met woorde waaroor sy net

later spyt sou gewees het. Sy het bly afkyk om so haar gevoelens vir haar ma weg te steek. Sy het op haar tong gebyt, want sy het geweet as sy een woord sou sê, dit soos 'n veldbrand sou versprei. Sy moes haar hande saamklem sodat sy nie sou opspring en skree nie: "Bly net uit my lewe uit, Ma! Niks stel Ma ooit tevrede nie. Ek is siek daarvoor om so te leef. Hoekom kry Má nie 'n lewe sodat ek my eie kan hê nie?"

Die brandende woorde sou uit haar gevloei het en die landskap van haar verhouding met haar ma verbrand het sodat alles swart was. Daar is 'n paar dinge wat Annie oor haar ma weet wat sy wens sy nie geweet het nie. Een daarvan is dat Nora Gaines goed daarmee is om wrokke te koester. Sy hou 'n lys van al die seerkry wat sy al in haar lewe moes deurmaak. Ook wie dit veroorsaak het. Sy vergeet nooit enigiets daarvan nie en vergewe ook nooit nie. Die verlede is soos ammunisie wat in die boksie lê en wag. Sy is vinnig om te laai en die skoot af te vuur. Annie ken die naam van elke persoon wat nog ooit haar ma seergemaak het en ook hoe hulle dit gedoen het. Nora Gaines het seker gemaak daarvan.

Soms word die blaam vir oortredings uit die verlede oor Annie se kop uitgestort en dan begin die klaagliedere.

"Jy is net soos jou pa. Hy het ook nooit genoeg gesonde verstand gehad om oor sy toekoms te dink nie ... Jy is net soos jou pa met jou gedurige gedromery. Jy is net soos hy ..."

Of erger.

"Jy is net soos jou ouma Leota. Dink altyd net aan jouself. Gee nooit 'n snars om vir enigiemand anders se gevoelens nie ... My ma het nooit tyd gehad vir my nie. Kyk net na al die tyd wat ek vir jou gemaak het. Ek het nooit die tipe liefde gekry wat jy nou kry nie ... My ma het nooit vir my 'n enkele ding gegee nie. Ek moes op agtien uit die huis gaan en my eie potjie krap ... Ek wou nog altyd seker maak jy kry die heel beste geleentheid. Ek het seker gemaak dat jy nog altyd alles gekry het wat ek nooit gehad het nie."

Annie kan nie onthou dat haar ma al ooit enigiets moois oor haar eie ma, Leota Reinhardt, gesê het nie. Dit laat Annie wonder. Kan haar ouma Leota blameer word vir die tipe mens wat haar ma is?

Daar is geen manier om oorsaak en gevolg teen mekaar op te weeg nie, want Annie ken net haar ma se kant van die verhaal. Sy het nog nooit haar ouma Leota veel oor enigiets hoor sê nie. Om die waarheid te sê, Annie het haar ouma Leota baie selde gesien. Alhoewel haar ouma net anderkant die berg in Oakland bly, kan Annie op haar twee hande die kere tel wat sy daarheen gevat is om te gaan kuier. Sodra hulle daar aangekom het, is Annie en Michael gestuur om in die agterplaas te gaan speel sodat die grootmense kon praat.

Sy frons. Dit was nooit hulle ouma wat hulle buitentoe gestuur het nie.

Haar ma het altyd 'n hoofpyn ontwikkel kort nadat hulle by ouma Leota aangekom het sodat hulle nooit langer as 'n uur of twee gebly het nie. Op pad huis toe sou haar ma tekere gaan en al Ouma se tekortkomings opnoem.

Eenkeer, toe haar ouers nog getroud was, het Annie haar pa hoor sê dat hy van Leota hou. Net een keer. Die woorde was soos 'n uitdaging. 'n Titaniese stryd het uitgebreek, lank en luidrugtig, met deure wat toeslaan en glas wat breek. Die herinnering aan daardie aand is permanent in Annie se geheue geëts. 'n Herinnering aan onbeskofte beskuldigings wat oor en weer geskree is. Ses maande later het Annie se ouers besluit om te skei. Op die teer ouderdom van agt het Annie van beter geweet as om vrae te vra oor ouma Leota of net haar naam te noem.

Annie gaan lê op haar bed en kyk na die gehekelde oordekking. Dit was 'n geskenk op haar veertiende verjaarsdag. Haar ma het vir haar 'n partytjie gereël, kompleet met maats van die skool, ballet en gimnastiek. Die huis was vol daardie

dag. Haar ma het seker gemaak dat sy heel laaste haar geskenk oopmaak, en toe het sy vir almal vertel hoe sy die oordekking vir 'n hemelbed in 'n huistydskrif gesien en die uitgewer gebel het wat haar die maatskappy se kontakbesonderhede gegee het. "Dit kom al die pad van België af."

Almal was in verwondering daaroor. Een van haar maats het selfs nadergeleun om te fluister: "Ek wens my ma wil vir my so iets koop."

Annie onthou dat sy gewens het om dit terug te kon gooi in die professioneel toegedraaide boks met die massiewe sylinte en blomme en om dit met haar beste wense vir die meisie te gee. Sy wou skree: "Ek het nie daarvoor gevra nie! Die volgende keer wanneer ek dit gaan waag om van haar te verskil, gaan sy sê: 'Hoe kan jy so ondankbaar wees? Ek het vir jou daardie pragtige gehekelde oordekking gekoop. Ek moes 'n langafstandoproep na daardie tydskrif maak en toe vir ewig aanhou om uit te vind waar dit vandaan kom. Toe moes ek nog vir die maatskappy in België skryf. Het jy enige idee wat dit gekos het? Ek sou enigiets gegee het om so 'n pragtige stuk in my vaal ou kamertjie te kon hê toe ek 'n kind was. En nou wil jy nie eens die eenvoudigste dingetjie doen wat ek van jou vra nie.'"

Iets roer in Annie se binneste, 'n subtiele warmte, die geringste flikkering van lig. Net 'n vonkie, maar dit is soos 'n vuurhoutjie wat in 'n donker vertrek aangesteek word. Sy kan duidelik sien en 'n rilling trek langs haar ruggraat af.

O God ... O God. Ek lê hier op my bed net soos my ma daar onder op haar sofa lê. Ek voed my griewe net soos sy hare voed. Ek verafsku wat sy doen, en nou word ek net soos sy.

Annie sit regop en haar hart klop wild. *Ek kan nie hier bly nie. Ek kan nie so aangaan nie. As ek hier bly, gaan ek op die ou einde my ma haat net soos sy haar ma haat. Here, ek kan nie so lewe nie.*

Annie staan van haar bed af op en loop na haar kas toe. Sy

skuif die deure met die spieëls op oop en haal haar tas van die boonste rak af. Sy trek haar laaikas se laaie oop en haal net uit wat sy nodig het. Sy pak haastig. Sy het genoeg om haarself mee te onderhou totdat sy haar voete by Susan gevind het. Sy tel haar Bybel van die bedkassie af op en sit dit bo-op haar klere. Sy maak die tas toe en sluit dit.

Moet sy eers met haar ma praat? Nee, sy kan dit nie waag nie. Sy weet wat gaan gebeur indien sy haar konfronteer. Sy gaan sit by haar lessenaar, maak 'n laai oop en haal 'n boks met mooi skryfpapier uit. Sy sit lank net so en dink. Dit maak nie saak wat sy sê nie, dit gaan haar ma nie van plan laat verander nie. Annie vryf oor haar oë en neus en dan pers sy haar lippe opmekaar. *Here ... Here ...* Sy weet nie wat om te bid nie. Sy weet nie of sy die regte of die verkeerde ding doen nie.

Eer.

Wat beteken dit in elk geval?

“Ma,” skryf sy, “ek is dankbaar vir alles wat Ma vir my gedoen het.” Sy sit vir 'n lang ruk so en probeer dink aan wat sy nog kan sê om die skok vir haar ma ligter te maak. Sy kan aan niks dink nie. Niks sal help nie. Al waaraan sy kan dink, is die woede. “Ek is lief vir Ma,” skryf sy uiteindelik en sluit net af met “Annie”.

Sy sit die briefie op die middel van haar bed neer.

Nora hoor die trap een keer kraak en weet dat Annie op pad is ondertoe. *Dis goed so. Sy het tyd gehad om mooi oor dinge na te dink.* Nora ontspan op die sofa, druk die warm kompres oor haar oë en wag vir haar dogter om haar om verskoning te kom vra.

Die voordeur gaan oop en dan weer toe.

Verbaas en geïrriteerd gaan sit Nora regop.

“Annie?”

Sy gooi woedend die kompres neer en staan op. Sy loop tot in die familiekamer en roep weer na haar. Annie gaan waarskynlik net 'n ent stap sodat sy kan tob. Sy sal in 'n beter bui terugkom. Dit werk altyd so. Dit is egter ergerlik dat sy nou hier moet sit en wag. Geduld is nie een van Nora se deugde nie. Sy hou daarvan om dinge so gou moontlik uit die weg te ruim – en sy hou nie daarvan om haar te bekommer en te wonder oor wat Annie dink en doen nie. Sy hou daarvan om te weet waar sy is en wat in haar kop aan die gang is.

Hoekom is sy so moeilik? Ek doen tog net wat die beste is vir haar.

Toe sy by die sitkamer ingaan, sien sy vir Annie deur die satyngordyne wat voor die vensters hang. Haar dogter sit 'n tas in die kattedak van die nuwe kar wat haar pa vir haar as 'n gradueringsgeskenk gegee het. Nora staan geskok en kyk hoe Annie die kattedak toeslaan, na die bestuurder se kant loop, die kar oopsluit en inklim.

Waarheen dink sy gaan sy? Sy gaan nooit iewers heen sonder om my toestemming te vra nie.

Toe Annie in die straat af verdwyn, tref twee emosies Nora tegelyk. Witwarm woede en koue paniek. Sy hardloop voordeur toe, pluk dit oop en hardloop na buite. “Annie!”

Nora Gaines staan op haar pynlik netjiese grasperk en kyk hoe haar dogter se kar se remligte een keer flikker toe sy vinig by die hoek stop. Dan draai sy regs en verdwyn buite sig.